

Geliefde Lourensrivierder

Die Here se wonderlike planne is net absoluut bo ons verstand!!!
Ek het nou sopas 'n Bybelleesplan klaar gemaak oor die storie van Rut in die Bybel, en kyk net gou hier wat ek bedoel.....

Sometimes your plans
don't work out because
God has better ones.

Hier is die opsomming van die laaste gedeelte van die leesplan:
"Rut 4:17 "En die buurvrou het hom 'n naam gegee en gesê: Vir Naómi is 'n seun gebore! En hulle het hom genoem Obed; hy was die vader van Ísai, die vader van Dawid" ...

Die verhaal van Rut is deel van die groter verhaal van God se plan om verlossing vir die wêreld te bring. Deur die lyn van Obed, Rut se seun met Boas, is Christus gebore uit 'n maagd met die naam Maria. Jesus is die grootste Bloedverwante Verlosser wat verlossing van sonde en die dood aan almal gee wat hulle geloof in Hom plaas vir vergifnis van sonde.

Ons keuse om God vandag te gehoorsaam, sal 'n impak hê op **generasies**. Laat ons 'n nalatenskap van geloof in ons huise en gemeenskappe? God werk in elke detail van ons lewens, en soos ons Sy Voorsienigheid deur moeilike tye vertrou, kan ons vertrou dat Sy verlossing eendag glorieryk aan die kykende wêreld getoon sal word.

Vader, dankie dat U ons toelaat om saam met U te werk in die werk van verlossing. Ons bid dat verlossing in ons gemeenskappe sal kom en vir 'n nalatenskap van geloof wat sterk staan in ons families. Mag U glorie ten volle deur ons lewens geopenbaar word, soos ons U vertrou en gehoorsaam al die dae van ons lewens. Amen."

Dit laat my net sprakeloos!! En om te dink dieselfde God wat in die Bybelse tyd sulke planne gemaak het is nog DIESELFDE God vandag tot in ewigheid. EN Hy het met elkeen van ons ook 'n plan.....

Lees gerus Rut 4:17-22 & Matteus 1: 1, 21 of NOG beter, lees die hele Rut, laai die gratis Bybel App af op jou foon en doen hierdie besondere gedeelte oor Rut. Daar is natuurlik vele meer insiggewende, inspirerende en bemoedigende Bybelleesplanne wat jy kan volg (ook in Afrikaans). Jy kan dit ook op jou rekenaar aflaai.

Kliek op hierdie skakel: <https://www.youversion.com/the-bible-app/>

NUUSKRUMMELS: 27 SEPTEMBER 2018

NUUS UIT DIE KERKKANTOOR:

Wonder jy dalk wat om met jou ou BRILSAKKIES of BRILHOUERTJIES te maak??

Hier is 'n wonderlike projek wat jy kan ondersteun! Jy kan die sakkies/houertjies by Lourensrivier Kerkkantoor afgee of vir Ds Chris Bester kontak by onderstaande nrs.

 **EVANGELISM EXPLOSION** 
SUID  AFRIKA
LEESBRILLE VIR DIE SENDING
Maak leesbrille...deel die EVANGELIE...
Help mense sien, lees en SIEN!
Chris Bester 082 444 5685 / 021 9100 311 / 012 3330051

EE SA: LEESBRILLE VIR DIE SENDING

Bedieningsdoelwit

Baie mense word daarvan weerhou om God se Woord te lees weëns swak sig.

LEESBRILLE VIR DIE SENDING wil God verheerlik deur 'n betroubare leesbril aan mense van alle volke te voorsien om God se Woord te lees.

Die drieledige doelwit van **LEESBRILLE VIR DIE SENDING** is:

1. **Opleiding en gereedskap** om betroubare brille te voorsien.
2. **Bevorder** die Koninkryk deur die Evangelie van Jesus Christus te deel aan elkeen wat 'n bril ontvang.
3. Opleiding van plaaslike gelowiges en sendelinge om **brille te vervaardig** en die visie uit te dra.

NUUS UIT DIE GEMEENSAP:



YOUTH BUILDING

**UPCOMING WORKSHOPS
(STRAND)**

04/10/2018	Gr 6 & 7 Girls
TBC	Gr 4 & 5 Boys
TBC	Gr 4 & 5 Girls
TBC	Gr 1, 2, 3 Boys
TBC	Gr 1, 2, 3 Girls
TBC	Gr 6 & 7 Boys (Session 2)
TBC	Gr 6 & 7 Girls (Session 2)

**Sessions are held in Afrikaans and/or English*

 www.facebook.com/ACSYouthBuilding

We are aiming to get going with workshops for the following age groups should we have enough interest. High school students to follow!

MEER OOR DIE WERKSWINKELS:

Mission

The aim is to build up our youth and NOT break them down. I host workshops that build confidence through ambition, courage and self respect.

KONTAK:

Julia Lloyd @ 0725839657

julia@abovetalentmodels.co.za

Besoek ook haar Facebook Blad om die foto's te sien van die werksinkels wat al gedoen is:

Kliek op hierdie skakel:

https://business.facebook.com/pg/ACSYouthBuilding/about/?ref=page_internal

BERG 80 VERJAARSDAE:

LET WEL: Ouderdom op lys is huidige ouderdom tensy verjaarsdag al verby is.

Van	Noemnaam	Verjaar /	Ouderdom
Cruywagen	Christo	10/02	83
Du Plessis	Erika	10/03	81
Grobbelaar	Faureen	10/03	82
Van Wyk	Erna	10/05	79
Leeuwner	Karel	10/07	79
Du Plooy	Pieter	10/10	86
Henning	Gideon	10/10	82
Stassen	Alida	10/11	81
Geldenhuis	Hettie	10/12	85
Mostert	Anna	10/14	83
Louw	Anna	10/24	84
Oosthuizen	Stanley	10/25	80
Jooste	Christie	10/26	85
Dreyer	Garies	10/30	81

Jes. 58:11

Die Here sal jou altyddeur lei;

sels in dor streke sal

Hy in jou behoeftes voorsien.

Hy sal jou sterk maak.

Jy sal wees soos

'n tuin met volop water, soos 'n fontein

waarvan die water nie opdroog nie.



Baie Geluk aan Hugo en Karen Carstens wat Oupa en Ouma geword het van 'n mooie baba dogtertjie. 🎵🎵

Baie geluk ook aan die pappa en mamma, Johann en Cara-Ann Potgieter.

Die Here se oorvloedige seën word julle toegebied!



KNIEWERK

- ✦ Bid vir ons leraars, verskillende bedienings en Gemeente
- ✦ Paul Louw (kanker)
- ✦ Herman Rocher vir gesondheid
- ✦ Jessica Dippenaar gaan vir operasie

FOKUSTEKS VAN WEEK ASOOK SONDAG, 30 SEPTEMBER SE BOODSKAP: ESTER 7:1-10 & 9:20-22 (19DE WEEK IN KONINKRYKSTYD - LEOPOLD)

Die Naam van God word nie eenkeer in die boek Ester genoem nie. Tog is die boek nog altyd gesien as 'n uitdrukking van God se sorg in die lewe van sy volk. God voorsien, ook in die uur van nasionale nood, soos God se volk in die boek Ester beleef.

Die gebeure speel af na die ballingskap waarin die Jode uit hul land ontwortel is. Hulle leef nou onder die gesag van 'n groot koninkryk waarvan hulle nie in beheer is nie.

Die boek Ester bevestig wat ons op verskeie plekke in die Bybel lees: dat God onreg en hoogmoed teenstaan, en tot 'n val bring. Dink maar aan God se hantering van die onderdrukkende Faraó, temas uit die lofsang van Maria en die belofte in Jakobus 4:6:

God weerstaan hoogmoediges, maar aan nederiges gee Hy genade.

Uit Ester en Mordegai se lewens sien mens God ondersteun en gee guns aan mense wat boosheid weerstaan. Dit beteken egter nie jy moet ook risiko's loop en jou lewe op die spel plaas nie. Weerstand teen boosheid kan selfs jou lewe kos. Dink maar aan Johannes die Doper. Nogtans spreek boosheid nooit die laaste woord nie, God wel.

Chris van Wyk skryf tereg:

Die diepste indruk wat die boek laat, is dat God op ongelooflike fyn beplande maniere teenwoordig is in alles wat rondom ons en met ons gebeur. Soos Richard Niebuhr sê: "God is acting in everything that is happening to you. So respond to everything that happens as if to respond to God's action" (Responsible Self). Dit is 'n baie raak beskrywing van wat ons in dié boek Ester aantref, al word God se naam nie een keer eksplisiet genoem nie.

God se hand is in alles teenwoordig, verborge en amper onopvallend, maar werklik en deurslaggewend. Hy laat die regte ding op die regte tyd gebeur, want Hy wil: "alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet." (Rom. 8:28). Dit doen hy deur omstandighede, onverwagte wendinge en die keuses van mense, ook jou eie keuses. Ons noem dit God se voorsiening. Hy IS die voorsienigheid! Buitengewone toevallighede is eintlik Godsvallighede!

Kyk of jy die DVD kan uitneem oor die verhaal van Ester. Die fliel se naam is One Night with the king.

Hier is die skakel na die voorprent:

<https://www.youtube.com/watch?v=HgRR322ezUE>

Henrico and Anja sing: You See me Through

Hulle is 2 Afrikaanse Gospel sangers. Kliek op hierdie skakel en geniet:

<https://www.youtube.com/watch?v=z4KVkq1EmAg&feature=share>



Psalm 139:7 Waarheen sou ek gaan om u Gees te ontvlug? Waarheen sou ek vlug om aan u teenwoordigheid te ontkom?

OORGEE, OMGEE, AANGEE

Jackie@Lourensrivier